Horizon goeie sakebesluit

VOORAF-KOPERS van Horizon Bay, 'n ontwikkeling van 21 verdiepings van R150 miljoen aan die kus by Table View, sien uit na 'n goeie opbrengs op hul belegging wanneer hul eenhede vir herverkope aangebied word op 'n internasionale eiendomskou in Londen later vanjaar.

Horizon Bay is ontwikkel deur die Swish-eiendomsgroep en is op die oomblik die hoogste bouprojek in Kaapstad.

Dit was reeds 98% uitverkoop voordat met bouwerk begin is en voordat enige bemarking begin het. Daar sal 93 woonstelle wees.

Die ontwikkelaars het een groot dakwoonstel teruggehou wat later verkoop sal word.

Swish se direkteure, mnre. Giancarlo Lanfranchi en Martin Epstein, het gesê die groot beleggingspotensiaal van die projek is te danke daaraan dat die eerste woonstelle betreklik goedkoop was en die ontwikkeling sal 'n vertoonstuk wees wanneer dit afgehandel is.

Woonstelle in die gebou sal 'n uitsig hê op een van die beroemdste en mees gefotografeerde tonele in Afrika – oor die baai na Tafelberg en Robbeneiland.

Horizon Bay sal kleinhandelruimte van 1 400 m² hê, wat reeds oorverhuur is.

Die projek word in Desember volgende jaar voltooi.

Die Horizon Bay-ontwikkeling in Table View is een van die hoogste geboue wat op die oomblik in Kaapstad gebou word.